# FAMILIE-SAAMTREK



# 22 MAART 2003

**Boodskap**

Liewe familie,

Soos die gebruik of "tradisie", dit wil sê die navolging van vaste oorgelewerde gebruike wat van geslag tot geslag oorgedra is, begin ons dan ook hierdie geskiedkundige familiesaamtrek met die gebruiklike Skriflesing en gebed (soos wat die maaltye met gebed begin word, die seën gevra word, of voordat die dag begin word, of enigiets).

Hierdie is nie 'n preek nie want my beroep was "peda"goog en nie "teo"loog nie, maar dit is 'n boodskap, wat 'n "tyding" impliseer soos die teksgedeelte uit die evangelie volgens Lukas hoofstuk 2:10: *"…kyk ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap…"*. Hierdie tyding of dan ook "boodskap" kom uit die BLYE BOODSKAP: drie gedeeltes uit die boeke Handelinge en Timotius. Handelinge 7:14 "*Josef het vir Jakob, sy pa, en die hele familie laat haal, vyf-en-sewentig mense altesaam*"; Handelinge 10:24 "*Kornelius het sy familie … saamgeroep…* ". 1Timotius 5:4 " *…Die kinders moet leer om as gelowiges allereers hulle verpligtinge teenoor hulle eie familie na te kom en so hulle ouers en grootouers iets te vergoed. Dit is volgens die wil van God!*"

Josef het vir etlike jare van sy familie vervreem geraak of is van hulle geskei, nie as gevolg van sy eie toedoen nie, maar weens sommige van sy "bloed"-familie se afgunstige optrede.
(Ons ken almal die geskiedenis hoe Josef deur sy eie "bloed"-broers as sewentienjarige seun aan die Ismaelitiese handelaars verkoop is, sy wedervaringe in Egipte , hoe hy in die tronk beland het, sy droom uitleêry wat hom op dertigjarige ouderdom as onderkoning (regeerder) in Farao se paleis laat beland het, die interessante episodes met sy broers en hoe hy hom aan hulle bekend gemaak het. Hoe hy sy familie verkwalik, vergeld terugbetaal of selfs verwyt het nie, maar hy het sy hele familie, al vyf-en-sewentig familielede, laat haal! Sonder enige uitsonderings of bevoordeling.! Jakob het as hoof van sy familie, 'n dankoffer aan God gebring en God het hom geantwoord: *"…Ek gaan saam met jou Egipte toe…"*. So is Jakob en sy hele nageslag Egipte toe! Hy het sy hele familie saamgevat Egipte toe en God het saamgegaan! Hierdie familie het baie ver getrek vir 'n reünie, familiesaamtrek of om na baie jare weer familiebande te bind of te verenig, dit is deur liefde aanmekaar gebind. Is dit nie 'n wonderlike voorbeeld vir ons om na te volg nie? Om ook as familie saam te trek en te verenig!

Kornelius, 'n nie-Jood, was ook godsdienstig en Godvresend. Hy het gereeld tot God gebid. En God het ook sy gebede verhoor en wat tot sy ontmoeting met Petrus gelei het, dat Petrus die Evangelie boodskap aan Kornelius en sy hele familie gebring het, hulle hul bekeer het, die Heilige Gees ontvang het en gedoop is. Hulle het God geprys en gesê "*God het selfs mense wat nie Jode is nie tot inkeer gebring om aan hulle die lewe te gee"*. God maak geen uitsonderings, uitsluitings of onderskeid nie. Hier het ons maar slegs twee gedeeltes uit die Skrif wat vir ons as familie tot navolgenswaardige voorbeeld dien en wat tot dusver deur ons afgeskeep is naamlik om soos Josef ons familie te laat haal, op te roep, by een te roep; soos Kornelius sy familie sy familie saamgeroep het en soos Jakob sy hele nageslag Egipte toe gevat het en God geloof het. Nou het ons ook die behoefte of noodsaaklikheid besef om ons hele familie, dié wat nog oor is en die toevoegings, bymekaar te bring wat bymekaar hoort, met die vertroue dat dit nie die einde, maar net die begin is van toekomstige familiebyeenkomste. Dit sal natuurlik afhang van ons nasate, nakomelinge of nageslag. Nie of daar 'n behoefte voor bestaan nie maar wel of hulle die tyd daarvoor gaan inruim en of die geleenthede gaan skep want Timotius sê: "Die kinders moet leer om as gelowiges allereers hulle verpligtinge teenoor hulle eie familie na te kom en so hulle ouers en grootouers iets te vergoed. Dit is volgens die wil van God!" Die maksimale belangrikheid van die gesin en die gesin in die "familie" word in hierdie teks beklemtoon met die woord "verpligtinge" wat dui op 'n toestand van gebind te wees deur dienste of gunste wat jy ontvang het of rede tot dankbaarheid. Ons behoort innig dankbaar te wees dat ons 'n familie het en dat ons bevoorreg of geseënd is om ook nog 'n goeie, eerbare, gerespekteerde en waardige familie te kan wees! Die boodskap aan ons gesinslede of familielede is dus baie duidelik naamlik om as christen-gelowiges op te tree en julle verpligtinge teenoor julle familie na te kom deur geleenthede daarvoor te skep, volgens die wil van God en om die eerbaarheid en waardigheid van julle familie nie net te handhaaf nie maar ook uit te bou tot julle eie eer, tot eer van hulle van wie julle afstam, julle ouers, voorouers en tot eer van die God van julle voorouers wat ook julle God is.

Die stamwoord "Familie" kom tweehonderd en tien maal in die Bybel voor en saam met familie-afdeling, familie-verband, familie-groep(e), familie-gewys, familie-kring, familie-lede, familie-lid, familie-naam, familie-teken, familie-grond, familie-graf, familie-offer, familie-geskiedenis, familie-stamboom, familie-register en familie-hoofde, ongeveer 365 met ander woorde vir elke dag van die jaar, wat nie alleen ons aandag op en verpligting teenoor of ten opsigte van ons familie regverdig nie, maar ook "wettig". Dit is nie 'n versoek nie, dit is veel meer, dit is 'n "gebod", dit word deur God gebied: "Julle moet" mekaar liefhê (net soos jouself) en jy moet jou ouers eer! Met eerbied en agting behandel (dit sluit ouers en voorouers in).

Die gesinshoof is hoof van die gesin, gewoonlik die vader, maar onder sekere omstandighede soms 'n ander lid van die gesin. Albei ouers is gesinshoofde omdat albei gesaghebbend is en dus albei met gesag beklee, om gesag uit te oefen, dit is die wettige reg om te beveel en gehoorsaamheid af te dwing. Dit is dan ook hier waar daar soms gesins-konflik of gesins-krisisse ontstaan, misverstande, onenigheid, botsings en rusies. Die vernaamste redes wat hiertoe aanleiding gee is gewoonlik waar die gesinshoofde nie in staat is tot doeltreffende gesagsuitoefening nie of waar gesagsdraers misbruik maak van hierdie "voorreg" of die verkeerde toepassing daarvan dit wil sê wanneer dit nie in Liefde geskied nie, maar op "outoritêre", dominerende, onregverdige of onredelike wyse uitgeoefen word. Gesinshoofde behoort deurgaans die agting , eerbied of respek van hulle gesinslede in te boesem en hulle ten alle tye en onder alle omstandighede mensliewend te behandel, hulle menswaardigheid te eerbiedig en 'n navolgenswaardige voorbeeld te stel. "Alles, ook die tugtiging, moet in liefde geskied, want "waar liefde heers gebied die Heer Sy seën". Dit is dan ook ons wens, ons hoop, ons bede dat ons as familie(s), as familie-lede afsonderlik, sodanig teenoor mekaar sal optree dat ons as 'n waardige of eerbiedwekkende familie gekenmerk sal bly en ten alle tye dienooreenkomstig onthou en gerespekteer sal word. Mag die genadige en barmhartige God van ons voorvaders wat ons ook oorgeërf het, ons hiertoe lei en ons as familie seën

Gebed: Die Onse Vader

**Ons familie bekendstelling:**

Met ons openingsboodskap het ons die klem laat val op die noodsaaklikheid van 'n familie byeenkoms en die familieverpligtinge gebaseer op Bybelse grondslag. Met hierdie bekendstelling van ons families wil ons dan nou spesifiek besin oor en aandag gee aan die "begrip" en "betekenis" van die woord "familie" ten einde enige moontlike misverstand, onduidelikheid, twyfelagtigheid asook verkeerde persepsies uit die weg te ruim. "Wat" en "Wie" is familie? Familie is 'n gesin, 'n huisgesin dit wil sê ouers en kinders in die eerste plek, asook die vernaamste: Pa/Vader, Ma/Moeder en kinders uit die huwelik gebore dus bloedverwante met dieselfde van en biologies verwant, familiebetrekkinge.

Hierby ingesluit is natuurlik die ouers en die grootouers (voorgeslagte, voorouers, nageslagte, afstammelinge of nakomelinge). "Stam" is geslag en "afstam" is afkomstig uit 'n geslag. Ons voorsate is ons voorouers of mense van wie ons afstam, ons voorgeslagte wat dus ook bloedverwante is (diegene wie se "gene" ons oorgeërf het). 'n Stamboek is 'n geslagsregister met name van al die afstammelinge van die stamboom.

Teenoor "bloed"familie staan "aangetroude" wat familie geword het deur die huwelik, maar alhoewel nie biologies nie tog ook familie is. Alhoewel ons familie 'n komplekse is, is dit terselfdertyd 'n besonderse. Die Joubert-familie en Stoop-familie is saamgevoeg deur die huwelik van Pa-Stoop met Ma-Joubert. Ons is bloed-familie en ook stief-familie. Nou besef ons maar al te goed dat daar verskeie persepsies rondom die word "stief" bestaan en kleef daar soms 'n stigma aan asof dit altyd 'n negatiewe, nie-positiewe, wanklank of wansmaak het, amper soos die word "skoonma" . Dit is wanvoorstellings wat ontstaan as gevolg van wanverhoudings, verkeerde, of slegte onderlinge verhoudings wat wantroue, wanhoop, wanorde en 'n wantoestand skep en dan boonop agterdog en kwaadwilligheid tot gevolg het. Die benadering, sienswyse of opvatting, d.w.s die "manier" waarop dit beskou word verskil (Two men looked through prison bars, the one saw mud, the other stars!). Die negatiewe en positiewe of die pessimis teenoor die optimis. Dit is nie noodwendig dat dit so moet wees nie en ek glo ons as familie het die regte benadering gehad en dien hierdie saamtrek dan ook as bewys daarvan. Stief = wat verwant is deur familiebande en " verwant" beteken "verbonde", dit is om deur 'n band verenig te wees of deur gemeenskaplike belange verbind ('n saamhorigheid of eensgesindheid). 'n Aangetroude vader (stiefpa), 'n aangetroude ma (stiefma) en aangetroude kinders (stiefkinders). Voeg hierby ook nog "skoon"familie en jou familiebande strek nog verder tot by Adamskant en is 'n familiesaamtrek tog die beste omdat jy seker nooit by almal sal kan uitkom om te "kuier" nie. "Skoon" is ook aangetroud (Skoonouers of skoonpa, skoonma, skoonbroer (swaer), skoonsuster). Skoonfamilie is dus aangetroude bloedverwante. Hoe dit ook sy "bloed", "stief" of "skoon", die woord "familie" kom as stamwoord voor en is verwant. Hulle is naas, neffens, langs, digby mekaar! Hulle is nog nader as "naaste" wat die digste tot iemand in betrekking staan. As jy jou naaste (medemens of ewemens) moet liefhê soos wat jy jouself liefhet dan geld dit jou eie familie soveel te meer. Ons familie is beslis nie onaantasbaar, volmaak, onbesproke of onberispelik of vlekkeloos nie, want dan sou ons nie "mense" gewees het nie, maar ek glo ons familie het bewys gelewer dat ons die probleme en ander kwessies kan oorbrug en dat ons as "familie" in liefde en vrede kan saamleef en oor die weg kan kom. Hierdie harmonieuse saamlewing en samehorigheid kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die <u>Christelike waardes</u> waarmee ons opgegroei het en wat deel gevorm het van ons opvoeding. Ek herinner my waar ek en my stiefbroer, Danie, saam op gegroei het , saam gespeel het en met die gepaardgaande kwaaijongstreke. Lena en Seunie was weer maats en die ander het ook redelik goed met mekaar oor die weggekom. Die hele familie het ook gereeld oor die Kerstyd saamgetrek vir die feesmaal. (Ek moes dikwels die ongenooide gaste of vlieë met die osstert weghou). Ons het nie net oorleef nie, maar wel met eer en waardigheid. Die familie het verspreid geraak en distansies en die stryd om oorlewing, om 'n menswaardige bestaan te voer, en veral die afsterwe van ons ouers as die "ankers" het gereelde kontak gefnuik en oor-en-weer gekuier en besoeke beperk. Nou na etlike jare en nadat verskeie geliefdes ons vooruit gegaan het is dit ons enkele oorblywendes en die wat tot die familie toegetree het beskore om hier saam te wees om fees te vier met aangename herinneringe, maar ook met nederigheid en innige erkentlikheid om dit <u>as bevoorregtes</u> te kan beleef. Dit is dan seker ook gepas om op hierdie stadium die nodige hulde te betoon aan geliefdes wat ons vooruitgegaan het en daar is weinig wat nie reeds hierdie trauma deurgemaak het nie.

**In memoriam:**

'n Handvol vergeet-my-nietjies en mooi herinneringe aan elkeen wat 'n dierbare moes afgee en deur diepwaters van beproewing gegaan het. Dit is met deernis in ons harte teenoor hulle wat in ons gedagtes sal bly voortleef totdat ons weer in die hiernamaals verenig mag wees.

> 'n Wins
> *Here, hul wat weet, hul sê: "Wanneer U iemand wegneem, vul U daardie leemte met Uself".*
> *Die wens om U te ken, is ver, ver beter as die swaar verlies!*
> *Maak dit tog waar, o Heer vir elk wat so moet ly!*

Romeine 8:38,39 "*Want ek is versekerd dat geen dood… ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie*."

Paul Kruger het gesê: " *Haal uit die verlede dit wat mooi ek goed is en bou die toekoms daarop*". Ons berus dus in die onvermydelike, in Gods wil, aanvaar die beproewinge en onthou dit wat mooi was en wat as heuglike belewenis en herinneringe ons sal bybly en ons lewens daardeur slegs kan verryk. Ons delf dus terug in die annale en die oorlewerings na die lewensdae van elkeen wat bygedra het tot die familiegeskiedenis:

**Die Begin**

**Oupa Paul Josua** en Ouma Susanna MM Joubert van wie ons op hierdie stadium ongelukkig nie veel kan berig nie.



**Pa Paul Josua Joubert** (28/4/1880 tot 6/10/1932) het met Ma Hester Elsie Susanna Coetzer (2/4/1892 tot 28/11/1953) in die huwelik getree en op die familieplaas Verkyk, pk Vlakpoort, met die boerdery voort-gegaan. Drie seuns en ses dogters is uit hierdie huwelik gebore.



1. **Paul Josua Joubert (Pollie)** (20/7/1908 tot 14/3/1939) kry as eersgeborene die stamnaam van sy oupa en pa (derde Paul). Hy tree op 13/8/1938 in die huwelik met Elizabeth Jacomina van der Merwe (Babs) (3/1/1921). Sy was sewentien jaar en Pollie dertigjaar. Hy is die volgende jaar op 14/3/1939 oorlede en sy seun Paul Josua Joubert (Pollie) (die vierde Paul) is amper drie maande na sy dood gebore naamlik op 8/6/1939. Hy is getroud met Christina Maria van Rensburg en 2 seuns en 2 dogters is uit hierdie huwelik gebore: Paul Josua Joubert (die 10de Paul) getroud met Charmaine, een dogter Monique. Nicholas Martinus getroud met Rykie (2 dogters Rochelle en Chené). Jakoba Petronella getroud met Riaan Olivier (een seun Vivian en Claudia) en Helena Elizabeth Jacomina getroud met Louis van Wyngaard.



2. **Maria Margaretha (Marie/Sus) Joubert** (3/2/1910 tot 17/1/2002) is Februarie 1930 met Abraham Johannes (Ouboet) Swart (29/8/1904 tot 11/10/1973) getroud. Hulle boer op die plaas Diepdal, pk Wag-'n-Bietjie, Wakkerstroom, waar 2 kinders gebore is: Hester Elsie Susanna(Kinnie) Swart (14/8/1934) en Abraham Johannes (Abie) Swart (18/11/1937) wat op 14/12/1967 in 'n motorongeluk oorlede is. Na 15 jaar gaan boer hulle op Verkyk Waar hulle derde kind, Paul Jozua Joubert (Bertie) Swart (die 8ste Paul) op 23/5/1951 gebore is.

*2.1. Kinnie* het haar bekwaam as onderwyseres aan die destydse Heidelbergse Onderwys Kollege, begin haar onderwysloopbaan te L/S Laerskool President Steyn (Alberton), toe Zambië, na haar huwelik met Chris De Klerk op 6/7/1957 terwyl Volksrust oortrek was met 'n wit kleed. Hulle keer weer terug en vestig hulle in Pretoria waar Chris 'n sakeman by uitstek was en Kinnie by verskeie skole onderwys gee. Twee kinders is uit hulle huwelik gebore: Marlene (29/11/1959 tot 7/11/1986) en Deon De Klerk (27/6/1968). Deon was prokureur, tans sakeman, is getroud met Amanda, 'n lugwaardin en tans sakevrou. Christopher De Klerk (17/5/1995) is tot dusver uit die huwelik gebore. Marie/Sus is later met Gert Ueckerman getroud. Na sy dood in 1973 het sy op "Droefheid op Nooten", net buite Volksrust gebly, toe in 'n tehuis vir bejaardes op Paardekop en tot haar dood (17/1/2001) op 92 jarige ouderdom in Huis Hermon in Pretoria-Noord.

*2.2. Paul Josua Joubert (Bertie) Swart*(23/5/1951) was van Graad Een tot Graad Twaalf in Koshuise te Amersfoort en Volksrust, kies die onderwys professie: Onderwys Kollege Pretoria, BA Graad Unisa, BA Honneurs aan UP. Begin onderwysloopbaan op Lydenburg, bevorderingsposte te L/S Laerskool Haakdoorn, Laerskool Klipfontein, Danie Malan en toe Adjunk Hoof te Voortrekker Eeufees waar hy vanaf 1995 die Hoofpos beklee. Hy is op 14/12/1974 getroud met Helen, tans ook by Laerskool Voortrekker Eeufees, waar Bertie haar baas is en tuis is sy baas. Drie kinders is uit die huwelik gebore.

- Paul (23/8/1976)(die tiende Paul) B.Comm (Informatika), tans bestuursanalis by ABSA Hoofkantoor.
- Riaan (25/4/1979) besig met studie aan Unisa, bestuurder Cell-C in Eastgate.
- Elzette (1/2/1983) tweede jaar B.Comm (Toerismebestuur) aan UP.



3. **Johannes Jakobus (Boet)** Joubert (1/9/1911 tot 17/11/1981) was getroud met Anna Sophia Jacoba Koch (30/7/1916 tot 24/2/2000). Hulle bly ook eers in een van die huise op Verkyk waar hulle in moeilike tye 'n boerdery aan die gang probeer hou. Hy gaan werk eers in Johannesburg toe by die Natalse Paaie Departement en toe Volksrust Munisipaliteit waar hy dorpsvoorman was. Koop die plot Oatlands, in 1947 en woon vir die res van hulle lewe daar. Hy was onder andere ook 'n liggewig bokskampioen. Hulle was getroue meelewende lidmate van hulle kerk en hy was 'n dienende ouderling. Hy het verskeie huise self gebou en was 'n ywerige werker. Anna was 'n saggeaarde
liefdevolle mens. Drie kinders is uit hulle huwelik gebore:

*3.1. Wilhelmina Johanna (Miemie) Joubert* (10/4/1937) is op 18/6/1958 getroud met Hansie Janse Van Rensburg (13/11/1928 tot 26/6/1986). Miemie moes in Natal Engelse skole bywoon en was gelukkig om 'n Engelssprekende seuns-maatjie van haar ouderdom te hê wat haar vinnig geleer het (net Engels) en sodanig dat sy derde in haar klas geëindig het. Op Volksrust weer in die Afrikaanse laer- en hoërskole. Vier kinders is uit haar en Hansie se huwelik gebore:

- Annamie, getroud met Jimmy Deacon, het twee dogters: Jenny Lieffing woon in Nederland en Jacky Deacon is in Matriek.
- Ebenhaezer, Otto (Manie) Janse van Rensburg getroud met Jacqui Lubbe en het een seun Paul Josua (die 12de Paul) (23/5/1990).
- Johannes Jacobus (Johan) getroud met Dossie Fourie en het twee kinders, Henk en Maryka.
- Emmanuel (Manie) getroud met Marion Claasen.

Miemie is weer op 24/5/1999 getroud met Hennie Hattingh en hulle is woonagtig te Volksrust.

*3.2. Paul Josua Joubert* (20/8/1942 tot 24/7/1982) (die 5de Paul) was getroud met Zelda. Twee dogters: Juliana nou Gericke, het een kind, Frans, en die tweede dogter Anka Joubert is nog ongetroud. Paul was hoofdirekteur van Agriplas toe hy in 'n motorongeluk "verkool" is. Hy was maar 39 jaar en het nog 'n blink toekoms voor hom gehad. Hy laat 'n weduwee, Barbara, na.

3.3. *Marthinus Stephanus (Tienie) Joubert* (29/5/1947 tot 22/7/2002) was getroud met Elize Els op 12/12/1981. Drie kinders is uit hulle huwelik gebore: Johannes Jacobus (Kobus) , Liezel en Stephanie. Tienie was 'n baie begaafde man. Op Volksrust is daar talle getuienis van sy pragtige houtwerke en bouwerke aangesien hy ook op 'n stadium boukontrakteur was nadat hy as onderwyser bedank het. Tienie was ook 'n grootwildjagter en het twee trofeë gehad: Gemsbok en Koedoe. Hy is ongelukkig verlede jaar 2002 tragies in 'n skietongeluk in Durban, waarheen hulle verhuis het, oorlede.

4. **Susanna Maria Magdalena (Sannie)** Joubert(12/10/1914 tot 9/8/1988) het haar groot ouma Koch se name geërf. Tree op 31/7/1933 in die huwelik met Frederick Coenraad (Fritz) Scheepers (14/12/1903 tot 28/8/1969). Hulle is albei op Verkyk gebore en is op Volksrust getroud. Hulle het ook eers op Verkyk geboer, maar is later na Newcastle waar hulle op die plot "Studley" klein geboer het en later op 'n plot in Joosteweg. Hy het ook by Talmage Hardeware winkel gewerk en daarna by die paaie Departement tot by sy afsterwe op 66 jaar. Sannie was 'n dierbare, saggeaarde vrou en moeder vir haar kinders en Fritz 'n baie goeie vader met 'n aangename geaardheid. Drie kinders is vir Sannie en Fritz gebore:



4.1. *Hester Elsie Susanna (Hettie of Koekie)* het haar ouma se name geërf toe sy op 22/10/1936 gebore is. Sy is op 22/10/1955 met Johannes Christiaan Kotze getroud, maar is sewe jaar later geskei. Sy ontmoet toe 'n besonder interessante man, Walter Vincent (Vince) Wetherill (11/7/1933) en is op 16/5/1964 met hom op Newcastle getroud. Sy sou dit nooit berou nie want hy is 'n baie goeie man en sy het 'n koninklike lewe. Vince het 'n kleurryke geskiedenis en was onder andere 'n grootwildjagter soos sy pa hom geleer het. Kry hom om die kampvuur en hoor van sy ervaringe. Hettie en Vince het twee kinders:

- Mark Sean (25/6/1967). Vince het hom op verskeie jagtogte geneem. Sean het sy eerste rooibok geskiet toe hy net 8jaar oud was. Hettie belowe hom toe dat as hy 'n Koedoe skiet sy die kop sal laat monteer en geweer as geskenk gee. Een en 'n half uur later moes sy opdok! Sean was eers in die veiligheidspolisie maar nadat hy in 'n skietvoorval gewond is, is hy in die privaatsektor. Hy is getroud met Shelley. Oupa Vince en Ouma Hettie se kleinseun, Kyle volg vinnig in sy oupa en pa se voetspore met jag en visvang. Hy en sy oupa gaan feitlik elke Saterdag gedurende die Jagseisoen om op die plase in die distrik bosbokke en duikers te jag en as oupa 'n blaaskans kry vang hulle vis. Die enigste kleindogter, Courtney, hou net van seeswem en dans.
- Natasha/Tasha (21/7/1969) het na matriek besluit om die hotelwese haar loopbaan te maak en het onlangs die prys vir beste Catering Manager vir die jaar verower, asook vir die hoogshigiene en boekhouding in Natal vir 2002. Sy het 'n pragtige seuntjie Kelvin.

4.2. *Kristoffel Nicholas Gerhardus (Stoffel/Boet) Scheepers* is op 3/11/1940 op Newcastle gebore en is met Lola Joubert getroud. Hulle het drie dogters Lucille, Sonja en Rene. Hulle besit 'n ingenieursonderneming op Newcastle.

4.3. *Paul Joshua Scheepers* (7de Paul) is ook op Newcastle gebore op 8/4/1951 amper 11 jaar na Stoffel. Hy is met Sandra getroud en hulle het twee kinders: Melani en Paul Joshua (26/5/1979, die 10de Paul). Paul en sy seun het hulle oupa aan moederskant se name geërf. Hy het 'n florerende eiendomsagentskap op Newcastle.

5. Hester Elsie Susanna (Hettie Joubert) (15/3/1919) het saam met die ander families se kinders van Verkyk die plaas-skooltjie by Vlakpoort bygewoon. Sy het op 'n stadium die leisels van die perdekar gehou en Seunie vertel hoe sy haar aan haar hare uit die vol rivier getrek het toe die twee steeks perde (een se naam was Wilmoed) in die rivier bly staan het. Hettie was blykbaar baie onnutsig. Sy is op 3/7/1938 met Koos Fourie (16/10/1903 tot 28/4/1971) op Volksrust in die huwelik bevestig. (Dit is nie omdat sy onnutsig was nie). Koos en Hettie het eers met skape getrek tot by Manzini in Swaziland, toe terug na Verkyk waar hulle vir 'n paar jaar geboer het, toe na Morgenzon en Drenthe. Na Koos se dood het sy na Carolina getrek en van daar by Paul en Elsa in Pretoria. Sy kuier soms so tussen die kinders en die kleinkinders:



5.1. *Jacobus Jacob Daniel (Kobus) Fourie* (20/8/1939 tot 16/5/1982) was in die Polisie. Hy is getroud met Ciska Mynhardt (13/3/1939 tot 1/12/1979). Ciska is op 40jarige ouderdom aan beroerte oorlede en Kobus is drie jaar later in 'n motorongeluk oorlede. Hulle het drie kinders agtergelaat:

- Hester Elsie Susanna (Elsa) (7/6/1960) getroud met Dominee Gerhard Van der Merwe op 8/1/1983 en in Stellenbosch en tans in die Kaap. Kinders Anneke graad 12, Estelle gr10 en Gerdia gr7.
- Zelda 3/7/1963 is getroud met Glen Kalweit (Siviele Ingenieurswerke) en woon in Kempton Park en het drie kinders: Benji (22jaar), Francisca (21jaar) en Jacques (18jaar).
- Sonja 20/1/1966, sakevrou (eie besigheid) is getroud met Jompie Burger (eie besigheid - NutriFood) en is in Springs woonagtig. Hulle het drie kinders: Cisca gr7, Conrad gr3 en Anna-Mart gr1.

5.2. *Alice Fourie* (7/8/1940 tot 1941) Hettie se tweede kind, het net elf maande oud geword toe sy op Verkyk oorlede is en op Verkyk begrawe is.

5.3. *Petro Fourie* (15/4/1948 ) 'n pragtige dogter is sewe jaar na die swaar verlies aan Koos en Hettie geskenk. Sy is op 30/4/1944 op Morgenzon met Piet De Beer (30/4/1945) getroud. Piet maak tans nuwe meubels en restoureer antieke meubels. Petro is produkspesialis by 'n internasionale mediese sagteware maatskappy. Hulle het drie pragtige kinders:

- Suzette (18/4/1970) getroud met Fanie Smit, vantevore lektor by Universiteit nou skoolhoof en wiskunde onderwyser by 'n privaatskool in Mosselbaai. Suzette is verpleegkundige, Intensiewe sorg Neonatologie. Is tans in Mosselbaai woonagtig.
- Jan Petrus de Beer (Jan) (5/10/1972) is getroud met Lindsay Kellar en hulle het een kind Gabriella de Beer (31/5/2001). Jan is voedselbestuurder by Pick 'n Pay Hipermark in Boksburg en Lindsay is by Pick'n Pay Hoofkantoor Homeshopping-afdeling en hulle woon in Edenvale.

- Hannelie de Beer (11/4/1974) getroud met Bertus van Tonder. Bertus is stadsbeplanner by Pretoria stadsraad en Hannelie Prokureur en vennoot by Van Vuuren, Heyneke en van Tonder in Pretoria waar hulle woonagtig is. Hulle het twee kinders, Behandre (8/7/2001) en Albert (22/12/2002).

5.4. *Paul Josua Fourie* (1/4/1943) (6de Paul) is op 1/4/1967 getroud met Elsa Visser (27/9/1944). Hulle bly eers op Ermelo, Bethel, Carolina, Nelspruit en 30 jaar in Pretoria. Paul het gewerk by die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede. Elsa was beheerbeamte by die Poskantoor. Hulle het twee kinders:

- Jacobus Jacob Daniel (Jaco) (10/12/1968) getroud met Jeanne van der Merwe, en is in Stockholm direkteur by Ericson. Hulle het een dogter Jade (12/2/2002).
- Charmain (3/12/1971) is bestuurder by 'n finansiële maatskappy, Front Systems. Sy het 'n dogter Dominique (18/5/1992).



6. **Alida (Lietjie) Joubert** (31/12/1924 tot 1/11/1945)

Vir haar het die son ondergegaan toe dit nog dag was.

7. **Gertjie Joubert** (19/9/1926 tot 4/3/1974) is op 25/8/1945 getroud met GWT (Gert) Oosthuÿzen (16/10/1921). GWT en Gertjie was alombekend op Volksrust. Hy was treindrywer, instrukteur op Esselenpark, verkoopsverteenwoordiger vir Old Mutual, verwerf verskeie toekennings by Old Mutual, Stadsraadlid (1955-1987), Burgemeester saam met Gertjie (na haar afsterwe saam met vier ander). Rekord vir langste termyn as burgemeester. Eerste Raadsheer van Volksrust en dien op verskeie komitees en verenigings. Trou weer met Anna Nel van Volksrust (20/1/1990). Hulle verhuis na Pretoria (1/12/1995) en woon in Môregloed tot hede. Gertjie was 'n pragtige vrou, edel van inbors met 'n innemende geaardheid. Sorgsaam en wat haar 4 kinders tot haar dood op 47jarige ouderdom 'n liefdevolle opvoeding gegee het.



Vier kinders, 9 klein kinders en 3 agterkleinkinders.

7.1. *Hester Elsie Susanna (Hester) Oosthuÿzen* (2/1/1947) is op 23/9/1967 getroud met Chris Strydom (4/9/1942) 'n pedagoog en vestig hulle eers op Pietermaritzburg, waar hy onderwys gee en later Hluhluwe waar hy 'n hoofpos beklee vir 10 jaar waarna hy afgetree het. Hester het vir 15 jaar by Saambou gewerk. Hulle het drie kinders:

- Wynand Wilhelm(Wynand Strydom) (7/2/1968) BA HONS, onderwyser op Empangeni, getroud met Esme Fourie (14/1/1974) onderwyseres by Empangeni Hoërskool. Hulle het een seun Chris (4/3/1998).
- Gerhardus Wilhelmus (Gerhard) (19/1/1971) BA LLB, maar word jeugbediener – kinderevangelisasie en kry 2 jaar lank opleiding in Londen. Hy besoek skole, preek, gee lesings vir ouers. Hy is getroud met Janette Louw (2/10/1971)BSc Huishoudkunde en is skoonheidsterapeut. Hulle woon in die Strand. Hulle het twee kinders: Seonaid (25/5/1999) en Michaela (8/6/2002).
- Christelle (7/2/1972) BA Ed, onderwyseres, getroud met Grant Frauenstein (8/6/1970)(ouditeur). Hulle is op King Williamstown woonagtig. Tot op datum nog geen kinders nie.

Al drie hul kinders het in Stellenbosch studeer.

7.2. *Hendrik Petrus (Hennie) Oosthuÿzen* (5/7/1952) B.Comm HOD Handelsvakke UP, werk eers by SASOL II Secunda vir 4 jaar. Getroud met Amelia Labuschagne (12/10/1962). Sy was dosent by 'n swart onderwyskollege en spesialiseer in Remediërende onderwys. Hennie was van 1987 tot tans aan die H/S Hoërskool Noorderland in Pietersburg verbonde. Een dogter en een seun is tot dusver uit die huwelik gebore: Marike(6/1/1992) en Gerhard Wilhelm Theodorus(Theodore), oupa GWT se name en albei is in die Oos Skool op Pietersburg.

7.3. *Elize Oosthuÿzen*(20/3/1058) getroud met Johann Schoeman(26/9/1956). Johann is bestuurskonsultant by Tentron en Elize is haarkapster van beroep en tuisteskepper. Hulle woon in Garsfontein. Hulle het drie seuns:

- Andries (18/2/1984) studeer tans B.Comm (Rek) by Maties.
- Gerhard (24/3/1987) Rugby Cravenweek Blou Bulle
- Johann (14/7/1989) Jukskei Gauteng-Noord, Kaptein - 2002/2001, ook krieket entoesias.

7.4. *Gerda Oosthuÿzen* (20/10/1962) sy was op 12/4/1986 getroud met Floris Moolman (1/10/1959 tot 19/12/1990). Na ‘n kort huwelik van vier-en-‘n half jaar is Floris oorlede. Gerda is haarkapster en bedryf haar eie besigheid. Sy is tans ook in Môregloed, Pretoria, woonagtig. Een seun is uit die huwelik gebore: Theodore(1/10/1990) Gr 7 in Totiusdal.

8. **<u>Magdalena Maria (Lena)</u>** Joubert (19/9/1929) het op 2/4/1949 met Roy Brooks(14/6/1927 tot 25/4/1997) in die huwelik getree. Hulle bly op die plaas Brooklyn buite Newcastle en later in die dorp waar Roy as analis in die laboratorium by AMCOR werksaam was. Hulle verhuis na Pretoria waar Roy by die WNNR as analis werksaam was tot sy aftrede. Lena was vir etlike jare personeelbestuurder by Woolworths en is so fiks en fluks dat sy nou na haar aftrede weer werk. Uit hulle huwelik is twee kinders gebore:

8.1. *Frederick Rynhardt(Frikkie) Brooks*(30/12/1953) is op 12/12/1979 getroud met Anita Koolen (23/2/1957), sekretaresse by onder andere UP en tans is sy by die Kokkewiet kleuterskool in Durban. Frikkie het as onderwyser by Affies begin, toe na H/S Waterkloof as adjunkhoof. Hy verlaat die onderwys vir Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, KwaZulu Natal. Gesamentlike owerheid, hoof uitvoerende beampte, Direkteur Behuising, plaaslike regering 1994 en toe hoofdirekteur Ontwikkeling in die departement van Tradisionele en Plaaslike regering. Hulle het drie kinders: Roan (27/10/1981) is in bemarking, Mignon (15/10/1986) tans in graad 11. Alicia (13/4/1993) neem tans deel aan die Natalse aerobiese kampioenskappe en aspireer vir SA kampioen.



8.2. *Hester Elsie Susanna (Estelle) Brooks*(16/4/1959) was in 1978 Tukkies se joolkoningin, getroud met ‘n Roos en toe met Gerrie Germishuizen. Sy het modelwerk, ook internasionaal gedoen, binnenshuise versiering, spyseniering en tans eiendomsagent. Sy het twee pragtige kinders: Milan(9/2/1989) is in ‘n privaatskool en ‘n kranige atleet. Sydné (19/2/1991) ‘n swemmer en is baie kunstig.

9. **<u>Lodewyk Christiaan (Loutjie/Boetie/Valie) Joubert</u>**(11/3/1932) getroud met Elsie Du Plessis(26/6/1935). Loutjie was vir veertigjaar in die onderwys, 23 jaar Hoof – vir 4 jaar by L/S Jozua Naude (Roodepoort) en vir 19 jaar by L/S Delville(Germiston). Elsie was boekhoudster by verskeie prokureursfirmas asook by Prestasieskool en later sekretaresse. Vier kinders is uit hierdie huwelik gebore:

9.1. *Paul Josua Joubert*(1/3/1962)(9de Paul)is Adjunk Direkteur(Inligting en Stelselbestuur) by die SAPS in Pretoria. Hy is getroud met Erika Steyn(29/1/1980), projekadministreerder by SITA, en hulle verwag tans hul eersteling.



9.2. *Cornelius Johannes(Cornel) Joubert*(20/2/1966 tot 29/4/1968)

9.3. *Loutjie Christiaan Joubert*(3/4/1971) ongetroud, voorheen psigometris en tans webontwerper en programmeerder by WebSoft in Randburg.

9.4. *Mari Joubert*(2/8/1975) is onderwyseres saam met haar eggenoot Adrian Kleinhans(8/8/1969) by L/S Generaal Alberts in Alberton.

**STOOP Familie:**



Oupa Hendrik Gerhardus Stoop(16/5/1855 tot 5/7/1932) getroud met Martha Aletta Elizabetha Johanna Stoop (31/12/1856 tot 12/6/1937). Kinders: Albertus Abraham, Maria Johanna Cornelia, Petrus Jacobus, Hendrik Gerhardus, Leenderd Gerhardus, Albertus Abraham en Mathys Jacobus. Leenderd Gerhardus Stoop (27/7/1889 tot 21/3/1956) was getroud met Catarina Magdalena Struwig(23/10/1890 tot 7/6/1931) en het ook op een van die plase op Verkyk geboer. Sy het geboorte gegee aan nege kinders en is drie en 'n half maande na die laaste kind (Danie) oorlede en op Verkyk begrawe.

1. **Martha Etrecia (Nonna) Stoop** (5/7/1916 tot 17/9/2001) getroud met Lodewyk Christiaan (Lood) Koch (22/10/1913 tot 21/5/1999) Lood het eers op Verkyk geboer en was toe kaartjiesondersoeker op die spoorweë tot sy aftrede. Hulle het vir baie jare in Brenthurst Brakpan gewoon, op Potgietersrus gaan aftree en gaan "rus". Kinders uit hulle huwelik gebore:



1.1. *Bartholomeus Stephanus (Barrie) Koch*(17/10/1935) getroud met Bets Brits(21/1/1941) en is nog in steeds in Brakpan woonagtig. Twee dogters Elizabeth Magdalena JC Koch (14/4/1961) getroud met Harry Niewenhuizen. Een dogtertjie Nicky. Martha Etrecia Koch(2/9/1962) getroud Payne, twee kinders: Jaco en Mariska.

1.2. *Catharina Magdalena (Tienie) Koch* (22/10/1938 tot 16/11/1973) was getroud met Tom Smith. Een kind: Hendry Smith.

1.3 *Leendert Gerhardus(Links) Koch* (15/5/1940 tot 24/2/1985) Aan 'n hartaanval oorlede. Laat twee kinders agter: Lodewyk Christiaan Koch en Johanna (Jana) Koch.

1.4 *Lodewyk Christiaan (Cas) Koch*(23/9/1945) getroud met Rina Pieterse en woon op Potgietersrus. Kinders : Riaan, Morne, Annette en Denis.

1.5 *Anna Magdalena Koch* (27/10/1941) Sy was getroud met At van Oudshoorn en sy bly in Brakpan met drie kinders: Lodewyk Christiaan, Petrus Cornelius en Melani Etrecia.

1.6 *Daniel Johannes (Danie) Koch* (9/11/1949) getroud met die vierde suster en in Potgietersus woonagtig.

2. **Hendrik Gerhardus (Basie) Stoop**(7/3/1918) tot 8/11/1984) was getroud met Johanna Wilhelmina Katarina Joagomina(Joey) Swart(23/2/1924) Hy het ook eers op Verkyk geboer en toe rangeerder by die Spoorweë. Hy is toe om mediese redes op pensioen. Hy is in die Suidpark Begraafplaas ter ruste gelê. Joey is op 79 jarige ouderdom nog blakend gesond en vier saam met ons familiefees.
Kinders gebore uit hulle huwelik:



2.1 *Leendert Gerhardus (Len) Stoop* (13/8/1944) Volksrust Hoërskool - rekordhouer vir 100m en 800m. Victor Laudorum laer en Hoërskool. Sakeman(elektrisiënkontrakteur) getroud met Leatitcia M (Ticia) Lombaard(20/12/1949) Hoof van Technikon Newcastle. Kinders:

- Morne H.G (21/12/1970) Hengelaar, goeie rugbyspeler, Polisiekaptein, getroud met Antoinette(Anto) Klynsmith(11/11/1972) SAP Kaptein, kinders: Righardt en Wiehan.
- Elmar(17/4/1975) Hengelaar(Natal Kleure), goeie rugbyspeler, Polisie inspekteur getroud met Nicolette Amelia (Nicky) Du Toit (23/1/1974) SAP Inspekteur, een kind: Divan (29/12/2002).
- Leendert Gerhardus Stoop Jnr, ongetroud, sakeman, hengelaar.

2.2 *Johanna W.C.J (Joey/Meisie)*(4/7/1948) getroud met Benhardus (Ben) Botha(16/8/1948) 'n sakeman en Meisie 'n sakevrou. Behaal Suid-Oos Tranvaalse Kleure. Een seun, een dogter: Benhardus Rudolph(Rudi)

(2/1/1980) Rugby vanaf sewe jaar, Laer en Hoërskool Cravenweek, Steekbokspan, speel oorsee, tennis, krieket en karate, spiesgooi,gewigstoot. Hy is tans in Londen. Chantel Leatitcia (Chantele) (23/11/1984) Gauteng Kleure in Netbal, atletiek(Gewigstoot, hokkie).

2.3 *Catharina Magdalena (Rina) Stoop*(11/8/1952) Getroud met Johannes Hendrik(Hennie) Krynauw (18/2/1951) Rina is adminklerk te Hoërskool Potgieter en Hennie by Van Erkoms Tabak. Hulle het drie kinders: Johanna Wilhelmina (Linda) (14/11/1972) getroud met Lucien du Toit(18/7/1972) Bedryfsingenieur Daimler Crystler Oos-Londen en Anje du Toit(29/3/2000) is tot dusver gebore. Mathilda Kathleen (Karin) (8/10/1979) doen tans Au pair werk in Duitsland. Johannes Hendrik(Johan)(28/8/1982) Bestuur eie besigheid "Biltong Basket" Monumentpark Pretoria. Was 'n uitblinker in skoolsport. In st.5 beste krieketkolwer(linkskolwer) Victor Laudorum en sportseun vir 1995.

3. **Martha Aletha (Lettie) Stoop** (12/11/1920 tot 14/3/1975) was getroud met Jan Frederik Deysel(27/4/1916 tot 21/4/1982) Hulle het vir baie jare in Dalview Brakpan gewoon. Jannie het by die Doane en Aksyns gewerk
en Lettie was tuisteskepper. Hulle het drie talentvolle seuns:



3.1 *Thomas Ignatius Jakobus (Tom) Deysel* (27/3/1944) Praktiseer as prokureur en help ook sy vrou Mariaan(2/7/1950) met haar eiendoms-agentskap. Hulle het nog geen kinders nie.

3.2 *Leenderd Gerhardus (Len) Deysel* (18/10/1950) is 'n pedagoog by L/S Rooihuiskraal. Hy is tans nog ongetroud.

3.3 *Jan Frederick (Kleinjan) Deysel* (10/7/1959) is getroud met Brenda (11/7/1961) Hy is entrepreneur en installeer lugreëling oor die hele land. Hulle het twee kinders: Quentin (25/9/1984) en Lee-Anne(7/5/1987).

4. **Catharina Magdalena (Katrina) Stoop**(5/5/1922 tot 24/1/1991) was getroud met Frederik Andries Du Plooy(Frikkie) (20/9/1919 tot 7/7/1985). Ons kon tot op datum nog geen verdere inligting bekom oor hierdie gesin nie.



5. **Maria Johanna Cornelia (Malie)Stoop** (13/4/1924 tot 20/11/1995) Sy behou haar nooiensvan toe sy met Albertus Abraham (Bert) Stoop (11/12/1918) in die huwelik bevestig is. Bert was 'n treindrywer op die spoorweë en hulle het op Volksrust gewoon waar Bert nog steeds "aftree" (Vrystaatstraat 81). Drie seuns is uit die huwelik gebore:



5.1 *Leonard Gerhardus(Leon) Stoop*(18/11/1947) is getroud met Marinda, 'n tuisteskepper. Hulle woon in Bloemfontein waar hy 'n varsproduktemarkagent is. Hulle kinders: Melani, Stefan, Andre en Lesinda.

5.2 *Hendrik Gerhardus (Gerhard)*(26/12/1951) is senior tegnikus by Tentron en woon in Pretoria. Hy het twee kinders: Annelize getroud met Allen Smit en Jacques (23jaar) is nog ongetroud.

5.3 *Albertus Abraham(Berrie)* (28/3/1956) is weer met Adri(23/7/1973) getroud. Hy is bestuurder van drie departemente (Photolab, Dry-Cleaning en Repairs) by Pick 'n Pay Northgate.

6. **Maria Magdalena(Ria) Stoop**(2/10/1925 tot 19/6/1989) was getroud met Abraham Charl (Boet) Bothma (18/10/1923 tot 22/1/1987) Hulle het vir baie jare in Cinderella, Boksburg, gewoon. Boet was bestuurder by CNA. Hulle kinders: Leenderd Gerhardus (Leen) , Pieter, Marina. Ons kon tot op datum ongelukkig nie veel meer inligting bekom nie en vir Leen, die enigste oorlewende, opspoor nie, maar verneem dat Pieter oorlede is asook Marina(op 8 maande).



7. **Seunie Stoop** (23/2/1928) was maar slegs drie jaar toe haar moeder oorlede is. Sy was op vyfjarige ouderdom blommemeisie toe haar pa weer getroud is. Sy het op Volksrust



haar skoolopleiding ontvang en reeds op Hoërskool met Jan Kotze (18/3/1924) deurmekaar geraak en is op 26/7/1947 met hom in die huwelik(in die kapok) bevestig. Sy onthou nog goed die "spookhuis", hoe die huis 744 Vrystaatstraat, 'n halfweghuis na Wakkerstroom was. Die langgedekte oorlaaide tafel op die stoep wat gekreun het onder die kos met Kersfees, die gereelde vaatjie rooi nagmaalwyn van die Kaap af, die regte gemmerbier, nagmaaltente op die kerkplein, die basaars, tiekie-aande, die groot appelkoosboom, kasterolie/Engelse sout op Saterdae, die depressie- en oorlogsjare, haar werk by Dr. Wium (tandarts), 'n klerewinkel, by Kahn(oudit en rekenmeester), telefoniste in Kimberley, Barkleys Bank in Johannesburg, toe Pietersburg waar haar eersteling Johan gebore is en vyf jaar later Karin en toe net tuisteskepper. Jan was op skool 'n kranige tennis-en rugbyspeler. Begin werk by die Departement van Naturelle Sake in Zululand, toe as inkomste klerk op Volksrust, toe Mobil Oliemaatskappy as verteenwoordiger in Pietersburg, Total Oliemaatskappy as distriksbestuurder in Bethlehem, Kroonstad en Pretoria skakelbestuurder (Hoofkantoor) en tree in 1987 af en geniet dit sowel as sy gholf. Twee kinders en vyf agterkleinkinders:

7.1 *Johannes Lodewicus (Johan)*(7/10/1953) B.Juris, B Proc, Staatsaanklaer, landdros en toe regsadviseur. 'n Kranige tennisspeler. Getroud met Lynette en drie kinders is gebore: Eloise (26/11/1982), Johannes Lodewicus (23/2/1985) en Werner Rudolph (10/3/1987). Albei seuns is kranige tennisspelers en verwerf in rugby Noord-Transvaal kleure, krieket. Johan was al kaptein. Eloise, 'n rekenaarslaaf, loop kursus by Intec.

7.2 *Karen Mariana* (21/8/1958) getroud met Peter Smith op 2/5/1987, sy was as tikster werksaam by die Staats Tenderraad en later Mielieraad. Twee kinders: Leanne(28/2/1984) en Shaun (18/9/1986). Leanne is tans nes haar ma 'n tuisteskepper. Shaun vat die lewe soos dit kom en is lief vir herstelwerk.

Seunie is tans die enigste oorlewende Stoop-kind.

8. **Daniel Johannes (Danie) Stoop** (23/2/1931 tot 11/10/1991) het na matriek eers in Johannesburg as klerk op die SA Spoorweë gaan werk en toe by Everite waar hy later bevorder is tot verkoopsbestuurder. Hy is in 1952 op Brakpan met Doreen Reitzma (7/12/1932) getroud (Ek, Loutjie, as sy stiefbroer, was sy strooijonker gewees). Hulle het hulle in New-Redruth Alberton gaan vestig waar hulle vir 45 jaar gewoon het. Twee dogters is uit die huwelik gebore:



*8.1* Sharon Stoop (20/6/1962), nog ongetroud, het sekretariële werk gedoen en is tans in die Kaap werksaam.

8.2 *Jennifer Stoop* (28/9/1966) is nog ongetroud en werksaam by 'n prokureursfirma in Johannesburg.

Danie was die laaste van die Stoop-kinders en was slegs drie maande oud toe sy moeder oorlede is.

Drie maand na die 8ste Stoop-kind, Danie, se geboorte is die moeder op 40jarige ouderdom in 1931 oorlede. Pa Stoop, 'n wewenaar, word agtergelaat met agt minderjarige kinders:

Nonna (die oudste 15 jaar), Basie(13jaar), Lettie(11jaar), Catrina(9jaar), Malie(7Jaar), Ria(6jaar),Seunie(3jaar) en Danie(3maande). Aan die Joubert-Kant is die situasie soortgelyk want ma-Joubert word op 40 jarige leeftyd as weduwee agtergelaat met nege kinders: Pollie(24jaar), Sus(22jaar,reeds getroud), Boet(21jaar"mondig" en selfstandig). Sannie is die volgende jaar Junie 1933 getroud. Dit laat vyf minderjarige kinders: Hettie(13jaar), Lietjie (8jaar), Gertjie(6jaar), Lena(3jaar) en klein Loutjie(6maande).



Pa-Stoop en ma-Joubert besluit toe om hulle skapies en kindertjies by mekaar in een hok te jaag en is op 3 November 1933 op Volksrust in die eg verbind. Lietjie aan Joubert kant en seunie aan Stoop kant was die blommemeisies. Hulle besluit om met die vyf Joubertjies en ses Stoop kinders dus 11 in totaal hulle op Volksrust te vestig. Waar hulle eers in 'n huurhuis saam met "spoke" gaan woon terwyl die huis in Vrystaatstraat 744 in aanbou was. Op 13 Oktober 1935 is Bertie, ons "half"-sussie gebore en was ons 'n dosyn: "My kinders, jou kinders en ons kind". Daar is egter nie onderskeid gemaak tussen "jou" en "my " kinders nie en het al twaalf "ons" kinders 'n Christelike opvoeding ontvang. Ons het sedert 1935 eers die rooi skooltjie of junior skooltjie, toe die wit skooltjie of Pionierskool en die Volksrust se Hoërskool bygewoon, die ysige winters getrotseer soms kniediep in die kapok geloop, kindersiektes asook die Depressie-jare oorleef totdat die laaste een, Bertie aan die einde van 1953 gematrikuleer het. Dit was dan ook op die dag , 28 November 1953, wat Bertie haar laaste vraestel geskryf het dat ons Ma op 61jarige leeftyd oorlede is en hiermee haar moederlike pligte volvoer en eervol uit die stryd getree het. Pa-Stoop is drie jaar na haar en drie weke na Bertie se huwelik op 67 jarige leeftyd in diens deur 'n motor raakgery en op slag gedood.



**<u>Bertie Stoop</u>** (13/10/1935) het op 25/2/1956 in die huwelik getree met Jacobus Petrus (Koos) Theunissen (25/2/1932). Hy was laboratorium assistent by AMCOR in Newcastle, 26 September 1966 werksaam by Pretoria Universiteit as tegniese assistent In 1968 na WNNR en toe Meyerton na African Products as laboratorium hoof tot sy aftrede. Bertie was meestal tuisteskepper. Hulle het vier kinders:



1. *Hester Elsie Susanna (Estie) Theunissen* (24/4/1958) onderwyseres , getroud op 2/4/1982 met Chris Smit (25/2/1960) Hy is algemene bestuurder by Vantech en woon in Lydenburg. Hulle het drie kinders: Chris, Elbie en Thea, en een kleinkind Milana.
2. *Elizabeth Johanna Hendrina(Betsie) Theunissen* (2/8/1960) getroud met Mike Richards(1958). Hulle woon in Kanada waar hy rekenaarprogrammeerder is. Hulle het een kind: Liza.
3. *Jacobus Petrus (Kobus)* (11/6/1960) is getroud met Ansie. Hy is chemiese ingenieur by SAPPI. Hulle woon op Nelspruit. Twee kinders tot op hede: Jandre en Alishia.
4. *Leendert Gerhardus (Leendert)* (23/6/1973) Hy is getroud met Tanya Rademeyer. Hulle het nog geen kinders nie. Hulle is woonagtig te Rietfontein Pretoria. Hy is siviele ingenieur by Tarman.

Met die ankers weg, die bymekaarkomplek (die tuiste) leeg, elkeen selfstandig, gevestig, besig met gesinsbou en betrokke by die eie gesinsbedrywighede en ander verpligtinge was daar net nie tyd om by ander familiebetrekkinge uit te kom nie, behalwe op uitnodiging na spesiale geleenthede of wanneer die "laaste eer" betoon moet word en in welke geval die betrokke familielid nie eers meer betrokke kan wees nie.

**Iets om te onthou:**

*Gee my nou die haelwitrose wat jy eendag op my graf sal plaas,*
*Rangskik nou die lelies in jou duurste blommevaas,*
*Gee dit nou terwyl die geur my lewe kan versoet en onderskraag*
*Gee dit nou terwyl my hart se honger soos 'n wurm knaag*
*Gee dit nou terwyl dit matelose vreugde sal verskaf*
*En plaas die doringkrans wat jy nou gee eendag op my graf.*
*Eendag sal ek van jou rose op my graf niks nie weet*
*Eendag doen jou doringkransie aan my hart geen leed!*

Maar die lewe gaan voort en geskiedenis word elke dag gemaak en só sal dus ook hierdie dag as 'n geskiedkundige gebeurtenis in ons familiegeskiedenis opgeteken word. Maak die beste gebruik van elke geleentheid en skep "geleenthede" vir jou familie en familieaangeleenthede. Begin vroegtydig met die nodige navorsing, opsporing, versameling en byhou van inligting en foto's oor jou familie, gesin en jou eie outobiografie. Die byhou van 'n dagboek kan baie waardevol wees. Dit kan ook 'n gesinsprojek wees.

Sterkte en voorspoed tot die volgende familiebyeenkoms!!

*Hierdie uitgawe is die beskeie poging van Loutjie (Valie/Boetie) Joubert. Baie dankie vir die positiewe reaksie en inligting op kort kennisgewing! Verskoning word gevra indien hier enige foute ingesluip het, met die vriendelike versoek dat korreksies aangebring en byvoegings gemaak word en dit ook onder my aandag gebring word met die oog op 'n moontlike verbeterde uitgawe later. Baie dankie ook aan Loutjie Joubert Jnr vir die tikwerk en uitleg.*

*Kopiereg © 2003 Lodewyk Christiaan Joubert. Alle regte voorbehou.*